

16 Maart - DUIWEL

Skrifgedeelte: Lukas 4:1-15

Fokusgedeelte: Lukas 4:1-13

Onmiddellik ná sy doop het die Heilige Gees vir Jesus na die woestyn toe gelei om daar in die stryd om die Koninkryk kop teen kop met die duivel te bots. Duisende jare tevore het die duivel die eerste Adam “gehelp” om deur ’n daad van ongehoorsaamheid van die paradys ’n woestyn te maak. Nou pak hy die laaste Adam ná 40 dae se vas in ’n poging om sy Messiaanse sending te ontspoor en Hom te verhinder om opnuut van die woestyn ’n paradys te maak.

Die duivel het nie enige misverstand oor die feit dat Jesus inderdaad die Messias van die Skrifte is nie. Waarmee hy wél ’n probleem het, is dat die Messias gekom het om jǒú te verlos en die Vader deur sy volmaakte gehoorsaamheid te eer. Daarom probeer hy deur die drietal versoekinge om Jesus ’n ander soort Messias te laat wees as wat die Ou Testament beloof het.

- Hy wil dat Jesus sy wondermag tot sy eie, korttermyn voordeel sal gebruik deur van klippe brode te maak.
- Hy wil Hom help om ’n pynlose kortpad na wêreldheerskappy te vind ... as Hy maar net bereid is om hom te aanbid.
- Op die tempel se dak wil hy Hom help om vir Homself ’n groot naam te maak deur daar af te spring en van God se beskermende liefde ’n karikatuur te maak.

Jesus sien egter deur die slim set van die duivel en antwoord hom telkens effektief uit die Bybel. Kortpaaie sal Hy nie vat nie en oor sy gehoorsaamheid aan die Vader sal Hy nie onderhandel nie. Hy weet dat die pad van die ware Messias deur die diepte na die hoogte loop, en daarom sal Hy niks doen om die kruis te systap nie.

Dink daaraan dat Jesus ook vir jǒú oor die duivel se versoekinge getriomfeer het! Die duivel is gestuit en ’n bres is geslaan deur die linies van die hel. Deur Christus wat deur sy Gees in jou woon, kan (en moet) ook jy nou meer as ’n oorwinnaar wees in elke konfrontasie met die versoeker uit die hel!

Sing: Psalm 18:1, 13 (1936-beryming)

Ds Jj Cloete (Koster)